

Die oes van siele

Die oes van siele.

Die 153 visse van Joh.21:11. het my gefassineer. Ek het toe in die Skrif gekyk na Noag se ark,(mate) die verbondsark en die nuwe stad “Jerusalem” se mate. Daar was ook ander gevalle waarna ek gekyk het soos die water in Noag se tyd wat 150 dae die oorhand behou het ens, maar ek het gevoel dat daar ‘n dieper betekenis moet wees.

Ek het toe 153 gevat en getalle in probeer deel. Al wat werklik deelbaar is een of drie. Ek het ook die dissipels getel wat op die skuit was(Simon, Thomas, Natánael, Jakobus, Johannes en twee ander) wat 7 was.

Omdat ons weet dat ons in die laaste tyd op aarde is moet ons na dit kyk wat rondom ons gebeur soos die dier en insekte vrektes soos: die see wat plek, plek rooi word, aardbewings, oorloë, peste en siektes wat toeneem. Nou sit ons met baie slimmes wat vir ons allerhande uitlegte gee maar hulle ‘tyd en tye’ voorspellings is lankal geskiedenis (*Hetsy uit Daniël of Open*).

Ek voel om meer tevredenheid in voorspelling te bekom, is om die teenoor-gestelde te benader. In Gen.6:3 staan dat VADER se Gees 120 jaar in die mens sal heers. Dus 120 x 50 jubeljare is 6000 jaar. Dus na 6000 jaar kom ons Koning om te heers vir ‘n 1000 jaar nie waar nie?

Nee dit werk anders as ons na die Septuagint kyk. Aan Adam was genoem dat hy sou sterf “op die dag” as hy van die boom van goed en kwaad so eet. Hy sterf toe op die ouderdom van 930 jaar wat reg is, want 1 jaar is soos 1000 jaar. Adam was toe baie ongelukkig, want sy nageslag was daardeur verdoem. YAHUAH het Adam wel aangesien en vir hom genoem dat VADER ‘n LOSSER sou stuur oor 5½ dag wat hulle sou red (*Wat beteken 5500 jaar verder*). 5500 Jaar later stuur VADER SY Seun YAHUSHA. Dus as ons die tye bymekaar moet tel is ons tan so + - 7520 jaar later weg van die skepping.

Kom ons lees ‘n paar verse uit die Skrif om onself daarin te plaas.

In Matt. 24:29 staan: *En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. :30 En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en lofwaardigheid. :31 En Hy sal Sy engele boodskappers uitstuur met harde trompet geluid, en hulle sal Sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.:32 En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. :33 So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur.* Dus groot verdrukking gaan daar wees en kennis tot YAHUSHA gaan onmoontlik vir baie wees. Die toegang tot waarheid gaan nie meer openlik wees nie.

Die waarheid gaan minder of glad nie meer deurgee word wat hulle doen en late is nie. Die engele van Ha satan se magte oor die uitverkore sal tot niet gaan en hulleself sal nie weet wat hulle gaan tref nie. Dus gaan ons in tydsvlakke van onbekendheid met bespiegeling wat die voortou sal neem.

YAHUSHA gee vir ons nog informasie in Matt. 24:37 *En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.*

Matt.24:38 *Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het;:39 en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. (Baie dink nie aan hoekom daar spesifiek van Noga se dae gepraat word nie; Dit was die dae waar die boodskappers, seuns van VADER met hulle seuns en die Anunnaki op die aarde gewees het).* Dus soos in daardie dae waar die lewe so omgekras was gaan dit ook skielik en vinnig gebeur terwyl die wêreld daar buite dit nie gaan verwag nie.


Lees ook Dan 2:42 *En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is—'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees. :43 Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het—hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.*

Gees en vleeslik gaan die wêreldling verbaster. Kerke (hoogtes) gaan die verbastering goedgepraat en toepas. Oral gaan baster kinders onder die uitverkore kinders wees en baie gaan kerkisties optree asof dit reg is.

Voor 8000 jaar vanaf die skepping sal verbastering op alle vlakke (*gees en vleeslik*) hoogty voer en baie min gaan hulle daaraan steur. Daar gaan wel 'n klompie wakker word en besef die tyd is volbring (Die *vyeboom wat uitbot, maar tog nie vrug dra nie*).

Die tydlyn volgens die Septuagint

Die Koninkryk is gestig vir ewig →



Adam het die 5½ dag vertroosting ontvang op + - 77 jaar oud (*Kain en Abel*). Op 230 jaar was Set daar. Dus $230 - 77 = 153$ (*visse*).

Kom ek vat die 153 en kyk na elke syfer se numeriese waarde en so ook sy verteenwoordiger in 'n Hebreeuse alfabet letter.

1 = Aleph = א = Kop van 'n os = Sterk, kragvol, Leier, Eerste

5 = Hey = ה = Arms om hoog = Kyk, onthul, openbaar, asem, sug

3 = Gimel = ג = Voet = Versamel, loop, dra

Sit ek die letters langs mekaar א ג ה dan beteken dit: dat daar weerwraak geneem gaan word. Dus sit ons met baie dieselfde verklaring as bo in Matt. met die boodskap dat daar in die laaste drie jaar verskriklike doodslagte gaan wees (*behalwe die wat onder die beskerming van YAHUSHA se boodskappers en 144 duisend uitverkore gaan wees*). Ons "Aleph" YAH wat sterk en vol van krag is gaan kom met Sy arms om hoog en aan ons alles openbaar en ons versamel (*tog gaan Hy die duistere vertrap met sy voet*).

Nou kom ons eindelijk by die oes van siele.

(1) Wat word gered ? Is dit die liggaam, gees of die siel ?

(2) As ons sê siel watse soort siel praat ons van, want jy kry onder die vee, voëls, diere en die mens 'n lewende siele ?

(3) Wie oes die siele ?

Kom ons kyk na 'n beginsel of twee: Die beginsel van lewe (*gees en siel*) is die onstofflik of onsielike wat manifesteer in 'n stoflike liggaam. Vat bv. die niere, lewer of enige binne liggaamlike orgaan werk en hou die liggaam aan die werk sodat "lewe" voort kan gaan. Die een het die ander (*orgaan*) nodig om daardie lewe in die liggaam te huisves.

Deur die liggaam stel die siel gevoel, rede en wil voor (*sintuie*).

Die siel is nie die liggaam nie, maar tog verbind aan die bloed van die liggaam; Die siel is nie die sintuie nie, maar gebruik wel die sintuie tot die liggaam se voor en nadele; Die siel is ook nie die gees nie, maar wek die gees op veral as geestelike stof deur die sintuie in die liggaam kom (*liedere, woorde of leesstof*); Die siel manipuleer die gemoed; Die siel maak (*Gebruik*) die innerlike liggaam opgewonde, teleurgesteld of nuuskierig; Die siel gee daardie hol kol op die maag of die hart wat vinnig klop. Dit eers daar gelaat.

Nou gaan ons oor na die vrae wat ek hier bo gevra het;

(1) Wat word gered ? Is dit die liggaam, gees of die siel ?

Die liggaam is stofflik en sal terugkeer na die aarde Gen.3:19. Die gees keer terug na VADER wat dit gegee het Pred.12:7, maar die siel is die een wat gered moet word Eseg.14:14.

(2) As ons sê ‘siel’ watse soort siel praat ons van, want jy kry onder die vee, voëls, diere en die mens ‘n lewende siele ? Gen .1:30 Lees mooi wat in Genesis staan: Die voëls of dier vreet plant en nie vleis nie. Rein is hulle en weg van die roof voëls en diere.

As ons nou Exodus en ander Ou Verbond (Ou-Testamentiese) verpligtinge, soos die offer gawes lees, dan sal jy sien dat alle eersteling/ eersgeborene aan YAH behoort. Hulle moet geoffer word vir YAH, maar die eersgebore van die mens moet losgekoop word. Net ‘n rein dier mag gebruik word wat ‘n lewende siel in hom het mag gebruik word. Dus ‘n siel vir ‘n siel Ex.13:13.

(3) Wie oes die siele ?

Wat onthou moet word is nie so seer dat “Dood” die siel kom haal (*of oes*) nie, maar eerder dat hy wel die siel neem (*vergesel*) na een van die vier groot sale onder in die aarde. Ek kan ook noem dat hy wel die siel beskerm om die siel wel na die doderyk te neem. Wat ook belangrik is om te weet, is dat Ha satan met sy onderdane nie die mag of toestemming ontvang het om die siel of gees direk aan te val nie. Hulle het wel die toestemming om te heers wat rondom die liggaam van die mens aangaan. M.a.w. hulle sal die liggaam van die mens skade aandoen deur verlyding, wat wel op die ou-end die siel skade kan besorg.

In kort oor die vier sale. Henog wat as apokrief beskou word het ‘n besoek gedoen onder in die aarde waar hy vier groot openinge(sale) gesien het. Die een is mooi skoon en verlig met ‘n waterstroom wat daar deur vloei. In Openbaring lees ons van die wat in daardie beligte saal leef 6:10,11 *En hulle het met ‘n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige reine en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? :11 En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog ‘n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknepte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.* Na die beligte opening / saal kry jy die eerste donker kamer waar die siele is wat wag tot oordeel waarvan ons dit lees in Luk 16:23 *En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. Luk 16:26 En by dit alles is daar tussen ons en julle ‘n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie.* Hulle is die wat op gaan staan in die tweede dood tot oordeel. Open. 20:12,13 *En ek het die dode, klein en groot, voor God VADER sien staan, en die boeke is geopen; en ‘n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.*

Open.20:13 En die see het die dode gegee (dit is waar die engele in gevangenis is) wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was;(dit is waar die Adamiet / uitverkore is) en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.

Die laaste twee sale/ openinge is van so aard dat die omstandigheid so sleg is dat die siele reeds in pyn leef(self veroordeeldes). *Joh 3:18 Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van Gød VADER nie.*

Om terug te kom oor die oes van siele kan ons sien die onderskeid van die siele en waarheen hulle gaan. Die maaier van die oes is YAH en nie Ha satan nie (*Ha satan is deel van die wat geoes gaan word*). YAH gaan kom om te oes: *Open.14:15...: Slaan U sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het.*

Baie wil Ha satan die mag gee om te oes, maar min weet dat YAH self gaan kom om te oes. Met verwoesting en groot krag gaan Hy kom. *Jes. 17:6 Maar 'n na-oes sal daarin oorbly soos by die afslaan van die olywe: twee, drie vruggies bo in die top; vier, vyf in die takke van die vrugteboom, spreek YAH, die Skepper van ~~Israel~~ Yashar'EL. (Joh. 4:35; Matt. 13:30; Joël. 3:13)*

Ns.:

Mense vertroetel jou liggaam wat aan die aarde behoort, want die aarde behoort aan YAHUAH. Pas dit op wat tydelik aan jou as 'siel' verleen word. Die gees/ asem binne jou behoort aan die Gewer en dié gaan terug na VADER wat dit aan jou verleen het. Alles behoort aan die VADER waarvan jy as mens/ siel die voorreg ontvang het om dit wat aan VADER behoort te vertroetel asof dit joune was.

Laat daar geen tatoeëer merke op SY liggaam kom nie. Doen die 10 Gebooie/ Wette van VADER. Respekteer jou naaste en SY skepping op aarde. Weet dat jou siel aan HOM behoort en dat geen duistere mag jou as siel skade kan aandoen nie. Die dag as Dood jou kom vergesel na die wagkamer sal jy 'n ewigheid of lofwaardigheid liggaam ontvang. 'n Liggaam wat verewig sal bestaan.

Bedink dit